

Sing vooraf staande: Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 75:1, 6 (p. 377) (Op die melodie van Sb 18-7)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 6 God van Jakob, lof en prys / sing ek ewig tot u eer!
Hoë horings werp ek neer / wat teen U het opgerys.
Maar ons horing, swaar getref, / word deur God weer opgehef.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 128:2, 3 (p. 627)

- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare ontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.
- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.

Skriflesing: Genesis 6:1-8; Lukas 17:20-37

Kernverse: Genesis 6:1-4

Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die HERE: My Gees sal

nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.

In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.

(Genesis 6:1-4 AFR53)

Tema: Maak dit regtig saak met wie ek trou?

Maak dit regtig saak met wie ek trou?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in ons dae gebeur dit nog by uitsondering dat mense hulle ouers se toestemming vra dat 'n vriend of vriendin by hulle mag kuier, of met hulle mag uitgaan en of hulle met so iemand kan trou. Die oorgrote meerderheid van die jongmense wil nie meer deur hulle ouers voorgesê word oor met wie hulle mag meng nie. Dit is vir hulle outyds om nog hulle ouers se toestemming te vra oor sulke dinge. Hulle maats doen dit dan nie.

Daar is ook baie ouers wat dit nie meer wil waag om met hulle kinders oor hulle vriende te praat nie. Sommige ouers het nie die vrymoedigheid om vir hulle kinders te wys op die moontlike gevare wat hulle in so 'n verhouding raaksien nie. Hulle het nie die vrymoedigheid nie, want die verhouding tussen hulle en hulle kinders is maar baie wankelrig. En nou is hulle bang dat, as hulle iets gaan sê, die kans groot is dat die bietjie van 'n verhouding wat daar nog oor is met hulle kinders, ook dan heeltemal sal verdwyn. Ander ouers neem die houding in dat die kinders mos groot genoeg is om self te besluit.

Broers, susters en kinders, ons het vanoggend met hierdie vraag – Maak dit saak met wie ek trou? – begin, want dit is die eerste verhouding wat hier in ons kernverse genoem word. Maar dit gaan hier nie net oor huwelike en huwelikmaats nie. Dit gaan oor alle soorte verhoudings en vriendskappe. Daarom kan ons die vraag anders ook vra: Maak dit regtig saak met wie ek 'n vriendskap of vennootskap het of met wie ek assosieer? Kom ons laat die Heilige Gees ons vanoggend aan die hand vat terwyl Hy ons in die rykdom van hierdie Skrifgedeelte inlei sodat ons antwoord op hierdie vrae kan kry.

Kom ons staan saam op die drumpel en kyk net eers in hierdie vertrek in. Ons sien hier is die seuns van God wat met die dogters van die mense getrou het van hulle keuse en hulle kinders was reuse. Oor hierdie vier verse is daar al baie geskryf en daar is baie verregaande dinge oor hierdie vier verse gesê. Daar is verklaarders wat die rigting gekies het wat die vertalers van die 1983-vertaling van die Bybel ook gekies het, naamlik dat hemelwesens of gevalle engele seksuele verhoudings met vrouens op die aarde gehad het. En uit hierdie verhoudings is daar letterlike reuse gebore, soos waarvan ons lees in Numeri 13:33. Daar is ook ander verklaarders wat meen dit gaan hier oor adellikes of koninklikes wat met die gewone burgers getrou het en die kinders wat uit hierdie huwelike gebore is, het hulleself baie dinge aangematig.

Geliefdes, die Here het sy Woord aan ons gegee, nie om die lewe vir ons ingewikkeld en moeilik te maak nie, maar juis om dit wat ons nie verstaan nie verstaanbaar te maak. En ja, daar is moeilike dele in die Skrif en almal het nie altyd die kennis en wysheid om dit te begryp nie. Maar as ons wysheid kortkom, moet ons dit van die Here bid. En op sy tyd sal Hy dit gee, want Hy gee sonder voorbehoud en sonder verwyf. Een van die eerste beginsels van Skrifverklaring is dat die Skrif sy eie verklaarder is. Wat die Here op een plek sê wat vir ons moeilik verstaanbaar is, lig Hy op 'n ander plek toe sodat ons beter kan verstaan. Daarom, laat ons ook nie soos die onverstandiges en oningeligtes wees nie. Hulle gee aan die moeilike Skrifgedeeltes 'n verkeerde uitleg en dit is tot hulle eie ondergang (2 Pet 3:16), skryf Petrus in sy tweede brief.

As ons dan op die drumpel van hierdie vertrek vanoggend staan en ons sien hierdie vreemde karakters binne-in die vertrek, moet ons net 'n bietjie kyk waar die vertrek binne-in die huis is. Kyk na die Skrifgedeeltes direk langs hierdie een. In Genesis 5 gee die Heilige Gees vir ons die geslagsregister van Adam af tot by Noag. En as ons daardie name lees, kom ons agter dit is die mense wat in die Here geglo het. Hulle is die gelowiges. In die res van Genesis 6 vertel die Here ons van sy besluit om die aarde met die sondvloed te tref oor al die geweld wat op die aarde geheers het. Ons vier verse van vanoggend is die oorgang van die geslag van die gelowiges af na die uitwissing van al die ongelowiges sodat net een gelowige gesin, Noag en sy seuns en hulle vier se vrouens, oorgebly het.

Die seuns van God is niemand anders as die gelowiges wat uit Adam en Set gebore is nie. In Hebreeus word gepraat van die seuns van iemand en dan word daar bedoel die kinders van daardie een. Die seuns van God is dus die kinders van God – die mense wat deur die kragtige werk van die Heilige Gees getrou gebly het aan die Here, Hom gedien het en Hom liefgehad het. Die dogters, of die kinders van die mense, is die ongelowiges. Hulle is die nageslag van Kain. Soos Kain het sy nageslag sy voorbeeld gevolg om hulle rug op die Here te draai en ver van Hom af te lewe. Hulle het die Here nie gedien nie, Hom nie liefgehad nie. En die verhoudings wat tussen die gelowiges en ongelowiges tot stand gekom het, het tot 'n vreeslike ding gelei. Die gelowiges het nie die ongelowiges na die Here toe gelei nie. In plaas daarvan is die gelowiges van die Here af weggetrek en al wat oorgebly het is een groot gemors. Die gemors was so groot dat die Here nie anders kon nie as om die hele spulletjie weg te vee van die aarde af.

Geliefdes, die Heilige Gees bring ons nou binne-in die vertrek in. Ons gaan nou aan die voete van die Here sit om self te hoor wat gebeur het. Gelowiges is in hierdie wêreld as 'n bewarende krag. Christene, sê Jesus, is die sout van die aarde. Maar wat gebeur as die sout sy krag verloor het? Kyk, dit is wat hier gebeur het. Die gelowiges wat aanvanklik nie met die ongelowiges gemeng het, het sonder om twee keer te dink begin kyk na die ongelowiges en met hulle gemeng. Wanneer die belydende gelowiges begin om kompromieë aan te gaan en hulle getuienis agterweë laat, raak dit nag.

Ons lees in Genesis 4 van Kain se nageslag. Alhoewel hulle op sekere gebiede van kultuur en wetenskap uitgeblink het, het hulle al verder en verder van God af weggedryf en van dit wat reg is. In Genesis 5 lees ons van Set se nageslag. Baie van hulle was regtig Godvresende mense. In die tyd van Enos, die seun van Set, het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep. Hierdie gelowiges was die sout van die aarde.

In die eerste twee verse van Genesis 6 sien ons die geestelike insinking wat daar gekom het onder al die mense. Dit het begin toe die gelowiges vir hulle huweliksmaats gekies het net op grond van hulle uiterlike. Die dogters van die ongelowiges was mooi, daarom het die gelowiges met hulle getrou. Die seuns van die ongelowiges was aantreklik en slim, daarom het die dogters van die gelowiges met hulle getrou. Die eerste en die belangrikste vraag wat die gelowiges moes gevra het, naamlik: Dien hierdie vrou of hierdie man die Here? het hulle nie gevra nie. Nee, dit het net gegaan oor hoe die mense lyk en nie oor wie of wat hulle is nie.

Broer en suster, hoe wil jy hê moet jou seun en dogter hulle vriende en latere huweliksmaats kies? Soos wat die gelowiges dit destyds gedoen het? Ek glo nie dit is wat jy wil doen nie, Pa en Ma, veral nie as jy sien wat later gebeur het nie. Daarom is dit ons wat ouers is se plig om ons kinders met goeie raad by te staan. Leer hulle van kleins af om hulle vriende versigtig te kies. Ons vriendelikheid moet goedkoop wees, want ons moet vriendelik wees teenoor alle mense. Maar ons vriendskap moet duur wees.

Luister mooi, kinders, kies vir jou 'n vriend of 'n vriendin wat jy weet dat hy of sy nader aan die Here lewe as jy. Daarom is dit belangrik om seker te maak of die een met wie jy maats wil wees regtig die Here ken en in 'n hegte verhouding met die Here lewe. Moenie dat "looks" vir jou die enigste rede wees waarom jy iemand as vriend of vriendin gekies het nie.

Maar soos ons aan die begin gesê het, gaan dit hier nie net oor met wie jy trou nie. Dit gaan ook oor vennootskappe en met wie jy jou assosieer. Is jy seker dat die mens saam met wie jy 'n taak aanpak, dieselfde waardes as jy het? Het daardie mens ook die Here lief of nog liewer as wat jy die Here het? Wanneer daar 'n krisis kom, gaan die mens met wie jy graag saam is ook wysheid by die Here soek, of gaan hy maar doen wat vir die oomblik reg lyk, of dit nou ooreenkom met wat die Here van ons verwag of nie?

Geliefdes, wanneer presies hierdie vermenging tussen die gelowiges en die ongelowiges plaasgevind het, sê die Here nie vir ons nie. Maar wat wel duidelik word, is dat hoe meer van die gelowiges gesê het dat dit nie so erg is om met ongelowiges te trou nie, hoe meer het dit gebeur. En die gelowiges wat nie met die ongelowiges gemeng het, soos Noag byvoorbeeld, het die wat ongehoorsaam geword het aan die Here, gewaarsku. Maar soos dit maar gaan, wanneer iets lekker is vir die mens en hy geniet dit wat hy doen, wil hy nie na waarskuwings luister nie. Dan is die wat waarsku sommer net 'n stok in die wiel.

Hierdie mense wat so graag die duidelike grens tussen die ongelowiges en die gelowiges dof gemaak het, het hulle nie net doof gehou vir die waarskuwings van ander gelowiges nie. Hulle het hulle ook teen die Gees van God verset. Die Heilige Gees heers in die mens deur hom te oortuig van sy sonde en hom te vermaan sodat hy hom kan bekeer. Maar net soos dit vandag gebeur, is die een na die ander keerwal teen die sonde afgebreek.

Daarom het die Here 'n besluit geneem. Die mense wil nie na sy roepstem luister nie. Hy gaan nie langer sy Gees vir altyd vermoei om hierdie mense van hulle sonde en dwaasheid te oortuig nie. Maar, en hoor nou net hierdie genade, in plaas daarvan dat die Here sommer daar en dan 'n einde maak aan die hele spulletjie, sê Hy dat Hy hulle nog honderd en twintig jaar kans sal gee. Die Here het na 'n lang tyd van waarsku, 'n lang tyd van geduldig wees tog besluit om nog meer as 'n honderd jaar kans te gee dat die mense hulle kan bekeer.

Hierdie optrede van die Here herinner aan die gelykenis van die onvrugbare vyeboom waarvan Jesus in Lukas 13 vertel. Die boer het drie jaar kans gegee om te sien of die vyeboom gaan vrugte oplewer. En toe hy na drie jaar daar kom en sien dat die boom nog geen vrugte het nie, wou hy die boom dadelik afkap. Die tuinier het egter gesoebat en nog een jaar kans gevra.

Die mense het op die aarde so korrup geword dat die Here na 'n lang tyd gereed was om hulle te veroordeel. Maar tog gee Hy nog 'n honderd en twintig jaar lange kans vir hulle. En selfs in hierdie honderd en twintig jaar het hulle nie geluister nie. Ons lees hier in vers 4 dat dit net al erger gegaan het. Die kinders uit die hierdie gemengde huwelike was reuse, sterk mense, die manne van naam.

In die oë van die wêreld was hulle groot. Hulle het hulle deur niks en niemand laat voorsê nie. Die woord *reuse* beteken hier nie mense wat fisies groot is nie, maar mense wat hulle groot hou. Hulle was soos die boelies by die skool. Hulle kan maak wat hulle wil. Hulle luister vir niemand nie. Wat hulle wil hê vat hulle en as jy dit nie wil gee nie, slaan hulle jou bloedneus en daar word niks aan gedoen nie. Onder die mense was hierdie boelies die helde en die leiers, maar nie in die oë van God nie.

Is dit nie wat ons vandag ook sien gebeur nie, geliefdes? Ek is seker elkeen van ons sal ten minste een of twee mense kan uitwys wat so 'n held in die oë van mense is, maar nie in die oë van God nie.

Dit lyk asof geen reël en wet vir hulle geld nie, maar tog is hulle leiers in maatskappye en in die gemeenskap. Mense hang so te sê aan hulle lippe en jy moet tog net niks verkeerd van so 'n held sê nie, dan word jou kop afgebyt of hulle kyk waar hulle jou kan indoen. Ons kan maar net na die stories op die televisie kyk om voorbeelde hiervan te sien. Vloek en skel en skelmstreke en vieslike seksuele verhoudings is aan die orde van die dag in dié stories. En die mense wat dit doen word beskou as die mense wat jy moet navolg as jy in tel wil wees.

Jesus het egter vir ons gesê dat hierdie dinge ons nie moet verbaas nie. Soos wat dit gegaan het in die dae van Noag voor die sondvloed, so sal dit ook gaan in die dae voor die wederkoms van ons Here Jesus. Mense sal oorbehep wees met die plesier van hierdie lewe, eet en drink en trou en losbandig leef. Daar sal 'n ontploffing van kennis wees soos in die nageslag van Kain die geval was. Vir baie mense sal dit net oor die rykdom in hierdie wêreld gaan. En die Woord van die Here sal verwerp word. Daar sal grootskaalse geweld wees. Onwettig seksuele verhoudings en 'n beheptheid met alles wat met seks te doen het, sal aan die orde van die dag wees. En God en sy kerk sal gelaster en verkleineer word.

In die lig hiervan moet ons onself afvra: Maak hierdie dinge ons angstig en laat dit ons met verlange uitsien na die wederkoms van ons Here Jesus? Dit is immers sommige van die tekens dat sy wederkoms nie meer so ver is nie. Vandag weet ek en jy dat die honderd en twintig jaar genadetyd wat die Here nog vir die mense op aarde gegee het, niks gedoen het aan die mense nie. Hulle harte was so verhard dat hulle glad nie die Here se genade wou aanneem nie. Daarom kon die Here nie anders nie as om hulle van die aarde af weg te vee.

Geliefde broer en suster en kind, ek en jy is bevoorreg om die genade van die Here nie net in tyd te beleef nie, maar veral in die Persoon van Jesus Christus. Ons weet en vertrou dat Jesus ons van die oordeel van God oor die sondes verlos het. Hy het ons kinders van God gemaak. Ons weet ook dat God nie speel wanneer Hy met die sonde afreken nie. Jesus Christus het bitter gely en gesterf oor ons sondes.

Dit maak ons aan die een kant baie dankbaar. Jesus het die prys betaal en Hy het uit die dood opgestaan. Aan die ander kant moet dit ons wat gerus geraak het om maar met die ongelowiges hand om die lyf te loop, laat wakker skrik. Die Here gaan hierdie keer ook nie speel wanneer Hy met die sonde afreken en met die onbekeerdes afreken nie. Hy het 'n poel van vuur voorberei vir die Satan en al sy bose geeste en almal wat hulle nie tot die Hom wil bekeer nie. Daarom moet ek en jy nie die grens tussen reg en verkeerd, tussen gelowig en ongelowig so dof maak dat ons, of ons kinders, begin dink dit is nie so erg om met die ongelowiges te meng nie. Dit is erg. Dit is baie erg. Die Here het alles wat leef op die aarde in die sondvloed laat verdrink omdat hulle gedink het die Here maak net grappies. Vir Noag het hulle uitgelag toe hy die ark gebou het. En wie het op die ou end oorleef? Net Noag en sy gesin wat getrou gebly het aan die Here.

Amen!

Slotgebed

Psalm 90:2, 9 (p. 454)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 April 2013